Jaarblaaie

FERDINAND POSTMA

**Johan Claassen Broers**
Telefoon 3612
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS (EDMS.) BPK.

# die WAPAD

**ENBRITE ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.**
Von Wiellighstraat 9B, POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
**Telefoon: 6313**

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

JAARGANG XXII — WOENSDAG 1 MAART 1967 — No. 4

# PUKKE WEET MIN VAN STADSRAAD

**HOEVEEL weet die gemiddelde Puk van munisipale sake? Aan die vooraand van die munisipale verkiesings wat vandag oor die hele provinsie plaasvind, het verslaggewers van Die Wapad 'n opname gedoen en tot die gevoltrekking gekom dat die gemiddelde student in werklikheid maar baie min daarin belang stel.**

**Slegs sowat vyftig persent van die dames in een van die dameskoshuise was bewus van die bedrywighede van die plaaslike stadsraad. In die manskoshuise het dit ietwat beter gegaan. Hier kon sowat die helfte van die eerstejaars en driekwart van die seniors een of meer sake opnoem wat onder munisipale beheer staan. (Onnodig om te sê dat die meerderheid bewus was van die verkeersafdeling.)**

### BURGEMEESTER

Toe hulle gevra is wie die burgemeester van Potchefstroom is, was nie eenvan die eerstejaar-mans bewus van die feit dat dit prof. H. L. Swanepoel dekaan van die fakulteit Regte is nie. Onder die eerstejaar-dames het sowat dertig persent dit darem geweet, terwyl sestig persent van die oudames die burgemeester se naam geken het. Die senior mans was egter hier die uitblinkers: sowat tagtig persent het geweet wie dra die ketting in die dorp.

### KLEITRAP

**Die vraag wat die meeste mense laat kleitrap het, was die een oor die datum van die munisipale verkiesings. By beide die senior mans en dames het slegs sowat dertig persent die datum geken, terwyl slegs een eerstejaar geweet het. ('n Jonge dame het hier met 'n baie oorspronklike antwoord te voorskyn gekom: net wanneer dit nodig is.)**

### AANGAAN

Waar lê die oorsaak vir die min belangstelling? Persone wat om hulle menings gevra is, meen dat die Puk 'n selfstandige eenheid is en munisipale sake die studente nie aangaan nie. Ander weer is van mening dat die rede gesoek moet word daarin dat die meeste studente van ander dorpe as Potchefstroom afkomstig is. Ook word aangevoer dat bitter min gedoen word om studente in sulke sake te interesseer.



**Die bedrywigheid in die kafeteria gesien uit die oogpunt van die persoon wat moet bontstaan sodat jy gou vir jou en die sleep se koeldranke kan betaal. (Foto: Fotokuns)**



Die kamers in Huis Rus, die Puk se nuwe spogkoshuis, is gerieflik en ruim ingerig sodat die inwoners seer sekerlik nie omgee vir die tydelike ongerief wat hulle moontlik moet verduur terwyl die bouwerk voltooi word nie.

(Foto: De Zee).

# AFRIKAANS ENIGSTE TAAL?

**„Alle aanduidings is dat Afrikaans uiteindelik die volkstaal van Suid-Afrika sal word," het dr. H. J. Terblanche, voorsitter van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans, op Virginia gesê. Dit was by geleentheid van die stigting van die eerste G.H.A.-tak in die Vrystaat.**

Volgens hom is ons gelukkig om ook Engels as 'n taal te hê wat internasionaal erken word as taal van die handel, maar ons volkstaal moet uiteindelik Afrikaans wees.

### SAMEWERKING

Samewerking tussen die twee taalgroepe word bepleit, maar dit is nou tyd dat die ander seksie begin saamwerk. Vyftig jaar was Afrikaanssprekendes koöperatief maar ons mense is daardeur verangliseer. Ons het nou die hef in ons hande en ons sal dit hou.

### EIS

„Dit is geensins die genootskap se doel om in te meng met Engels nie. Ons eis slegs vir Afrikaans wat ons aan Engels toeken," het dr. Terblanche gesê.

**Daar is egter nog vele Afrikaanssprekendes wat nie saamstem nie. Mnr. P. H. du Preez, voorsitter van die Kaapstadse Afrikaanse Skakelkomitee, het bv. gesê: „Dit sal nie maklik wees om Engels wat 'n internasionale taal is, te vervang nie. Ek twyfel of dit sal gebeur in my leeftyd of in die leeftyd van my kinders, selfs.**

Moontlik sal eers 'n paar eeue moet verloop."

## *Professore neem afskeid*

Drie professore aan die P.U. het onlangs hul afskeidspreke gelewer in die gemeentes waar hul voor hul benoeming werksaam was. Prof. S. C. W. Duvenage hoof van die departement Bybelkunde het op Sondag 19 Feruarie sy afskeidspreek in die Gereformeerde kerk Noordbrug gelewer.

### MINISTER

Prof. W. J. de Klerk hoof van die departement Etiek en Logika het Sondagaand sy laaste preek gelewer in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord. Daar was 'n besondere groot getal aanwesiges, onder wie heelwat lidmate van gemeentes waar prof. De Klerk voorheen werksaam was. Mnr. Jan de Klerk minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en vader van prof. De Klerk was ook aanwesig

### SINODE

Prof. B. Duvenage van die departement Etiek en Logika het op Sondagmiddag sy afskeidspreek op Florida gelewer.

Volgens 'n besluit van die algemene sinode van die Gereformeerde Kerk wat onlangs in Potchefstroom vergader het, sal die drie hoogleraars nie meer as prediker tydens 'n erediens kan optree nie.

# Vereniging teen Nusas word erken

**'n Vereniging van studente wat die beleid van Nusas teenstaan, bestaan sedert verlede jaar aan die Rhodes-universiteit. Dit blyk uit gegewens in die jaarblad van die universiteit, die Rhodian. Die vereniging, genoem die Conservative Society, is deur sowel die Studenteraad as die Senaat van die universiteit erken.**

Die vereniging het, volgens die jaarblad, geen affiliasies met enige ander liggaam wat 'n soortgelyke naam dra nie en het geen politieke doelstellinge buite die studentelewe nie.

**Die vereniging werk saam met Nusas in die organiseer van debatte tussen die twee verenigings Die vereniging stel dit in die vooruitsig dat een van sy lede, moontlik as 'n afgevaardigde die jaarlikse Nusas-kongres vanjaar sal bywoon.**

In 'n brief aan 'n P.U. student, mnr. N. C. Gey van Pittius, het die sekretaris van die liggaam, mnr. E. A. Götze opgemerk dat die foto van die protestog teen die inperking van die voormalige Nusas-president, mnr. Ian Robertson, onnodig is en daarby verklaar dat "if this man got banned it was because of his own communist or such-like ideologies."

## Vryheid beskerm

In 'n onlangse verklaring aan 'n Sondagblad het sen. J. de Klerk, die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, verklaar dat die twee stukke wetgewing wat van verlede jaar oorgestaan het, nie vanjaar weer by die parlement ingedien gaan word nie.

Dit was die Wysigingswetsontwerp op Universiteite en die Wysigingswetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding. Die wetsontwerpe is ingedien om 'n einde te maak aan die diskriminasie teen studente wat nie aan veelrassige studenteverenigings wou behoort nie.

Die regering sal egter nie aarsel om op te tree indien in die vervolg ingemeng word met persone se vryheid om te kies met watter bevolkingsgroep hulle aan die universiteit wil assosieer nie.

# *ANTI-SEGREGASIE AAN S.A. UNIVERSITEITE BEPERK*

**Diskriminasie teen die studente wat nie aan veelrassige studenteverenigings wou behoort nie is nou iets van die verlede nadat die Regering twee nuwe maatreëls by die Volksraad ingedien het.**

Konserwatiewe studente aan Engelse universiteite het nou die reg om afsonderlike verenigings te stig en daar is ook voorsiening gemaak vir verenigings met beperkte lidmaatskap.

Die aankondiging is verlede week deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, sen. J. de Klerk, in Kaapstad gedoen.

Aan verskeie ander universiteite, veral die Universiteit van Kaapstad, is vroeër 'n lang en taai stryd gevoer voor die reg verkry is om as blanke organisasies op die campus te bestaan.

### MOONTLIK

Die Regering sal egter nie aarsel om steeds in te gryp indien daar in die vervolg met persone se vryheid om te kies met watter bevolkingsgroep hulle aan hulle universiteite wil assosieer, ingemeng word.

Sen. De Klerk het ook daarop gewys dat die twee maatreëls moontlik sal voorkom dat 'n herhaling van die studente-onaangenaamhede van die afgelope jare aan die U.K. plaasvind.

## „Akkerjol" op kampus

Baie Pukke het verlede Donderdag die voorreg (?) gehad om iets te sien wat nie gereeld op die kampus aanskou word nie — Maties wat hulle Karnavalblad verkoop. Die Stellenbossers was deel van 'n groepie wat op pad na Pretoria op Potchefstroom aangedoen het.

*Agente vir:*
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide GESKENKEAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



Ruikers vir alle geleenthede
**BOUQUET**
**BLOEMISTE**
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR MOTORS**
**LOMBARDSTRAAT 47**
**KERKSTRAAT 69**
**TELEFOON: 4351/2/3**
**GEMAGTIGDE**
**—FORDHANDELAARS—**
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
**(EDMS.) BPK.**
**Kerkstraat 118**
**Potchefstroom**
**TELEFOON: 3237**

**J HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
—
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
**Kerkstraat 48 — Tel. 5319**

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

**die WAPAD**

WOENSDAG 1 MAART 1967

# ONS EN DIE STADSRAAD

Die stadsraadsverkiesing het die aandag gevestig op 'n ontstellende toestand onder die P.U.-studente. Uit 'n meningsopname deur Die Wapad het dit geblyk dat daar nie alleen groot gebrek aan belangstelling is in die sake van die stadsraad nie, maar ook groot onkunde oor die mees elementêre feite in verband met die munisipale owerheid.

Wat is die rede hiervoor?

Ten dele kan as oorsaak aangewys word 'n gebrek aan belangstelling in sake van die stadsraad wat nie net tot die P.U.-student beperk is nie, maar oor die hele land te vinde is. In die era van sentralisasie van gesag word die laer owerhede steeds al minder belang, slegs as die landspolitiek in 'n stadsraad in die gedrang kom, is daar 'n opflikkering van belangstelling. Dit is 'n toestand wat betreur moet word, maar waarskynlik onvermydelik is in die tyd waarin ons lewe.

Onses insiens steek daar egter meer in die toestand onder die P.U.-studentemassa. Dit dui op 'n ernstige gaping in die skakel van die P.U.-massa met die buitewêreld.

Dat die P.U.-studente nog in baie opsigte 'n hegte gemeenskap vorm, kan slegs toegejuig word. Dit is daarenteen 'n ernstige gebrek as die gemeenskap geïsoleerd van die res van die samelewing lewe. In 'n vorige meningsopname het al aan die lig gekom dat die Pukstudent se belangstelling in landsake heelwat te wense oorlaat. Dit wil voorkom of die posisie ten opsigte van die dorp en sy owerheid nog hagliker is.

Die mening van sommige studente dat min gedoen word om die student se belangstelling in die sake te prikkel, bevat heelwat waarheid. Dit blyk ook weer uit die gebrek aan aktivering wat onder die studente vir die stadsraadsverkiesing gedoen is. Dit is egter ook duidelik dat die groot fout lê by die P.U.-student wat net nie lus is om oor die heining van die P.U.-kampus te kyk nie.

# LETTERKUNDIGES

Enkele jare gelede was daar 'n Letterkundige vereniging op die P.U. Die bestuur van hierdie vereniging het sy taak daarin gesien om befaamde skrywers na die universiteit te nooi waar alle belangstellendes toegespreek is.

Ongelukkig het hierdie vereniging 'n vroeë dood gesterf. Die rede hiervoor was waarskynlik dat daar geen kieskollege was om die volgende bestuur te verkies nie. Sodoende kon die werksaamhede op hierdie terrein nie voortgesit word nie.

Dat dit noodsaaklik is vir 'n universiteit om ook buite sy grense met geesgenote te kommunikeer, is 'n onbetwyfelbare feit. Daarom sou dit van onskatbare waarde wees as die moontlikheid weer verwesenlik kan word dat van ons voorste skrywers uitgenooi word om deur middel van lesings en gesprek met ons studente te kommunikeer. Des te meer moet daar van hierdie geleentheid gebruik gemaak word, daar bykans twee-derdes van die erkende Afrikaanse skrywers op die Rand en in Pretoria gevind kan word. In der waarheid is dit 'n gulde geleentheid om nie alleen hierdie mense beter te leer ken nie, maar om ook van hulle te leer. Interessante meningsverskil kan ontstaan en verrykende dispuut ontlok.

Nou het ons verneem dat enkele derdejaarstudente in Afrikaans-Nederlands gaan onderneem om hierdie vereniging te laat herlewe. Die poging is 'n verblydende teken van vernuwing. Noodwendig sal daar in die begin 'n tekort aan finansies wees om sekere administratiewe sake te organiseer.

Mens kan net die hoop uitspreek dat die studenteraad hierdie poging met daadwerklike tegemoetkomendheid sal steun.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Pieter de Klerk.
Onderredakteur: Neels Smit.
Tegnieseredakteur: André van Jaarsveld.
Nuusredakteurs: Tom Larney — Tel. 2172.
Ben van Jaarsveld — Tel. 2067.
Nuusverslaggewers: Izak Bekker, Ansie Beukes, Piet van Schalkwyk, Dawid van Wyk, Marita Vermaak.
Kunsredakteur: Piet Roodt — Tel. 2172.
Kunsverslaggewers: Kobus Coetzee, Marlene Smit.
Sportredakteur: Chris Swanepoel — Tel. 2171.
Sportverslaggewers: Lood Dercksen, Marietjie Swart.
Fotograwe: Leunis van Rooyen, Izak Bekker.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing — Tel. 3827.
Sirkulasiebestuurder: Hans Grobler.

# In U Lig

**„Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood. Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here."— Romeine 7: 24-25.**

Godskennis en selfkennis. Hierdie twee sake is onskeidbaar. Die kennis van die geloof is 'n kennis van God en onsself. Die mens moet kennis dra van sy innerlike sowel as sy uiterlike toestand, gesien teenoor die Heiligheid van God.

Die mens is nie geskape om 'n lewe te lei los van God nie, maar om voortdurend in gemeenskap met God iets te openbaar van God se heerlikheid. Die lewende kontak met God is die bron van lewenwelsyn; die groot breuk in die mens se lewe kom deur die verbreking van die band met God. Met die verbreking van die band van God verlaag die mens homself en die beeld van God na wie hy geskape is.

Deur die sonde breek ons met die drie-eenheid van God. Deur die sonde vertrap ons die eer van God ons skepper. Die Heilige Gees sou ons lewe verewig het, maar ons kies die dood.

Die apostel Paulus ken homself. Hy dra kennis van die vernietigende werk van die sonde. Gedurig voer hy stryd met die sonde, dan roep hy uit: „Ek ellendige mens!" Maar Paulus ken ook genade: „Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood." En dit is nou geen vraag meer nie. Hy ken ook reeds die antwoord. Dit is slegs sy diepe droefheid oor die sonde wat tot 'n uiting kom. In Christus weet hy word hy tot 'n nuwe mens herbore.

Mag God gee dat ons hierdie kennis sal besit. Die kennis van ons sonde en ons ongeregtigheid. En die wete dat ons geheilig word in Christus deur God.

**(Die beoogde verandering van die rubriek kan deur 'n bepaling in die reglement van Die Wapad nie deurgaan nie. —Red).**

# Deur My Lens

„Mens behoort nie na voëls van hierdie jaar te soek in die neste van verlede jaar nie," het die maer ridder met die treurige gesig op sy sterfbed gesê. Om hierdie stelling te bekragtig, het hy homself verklaar as Alonso Juirano die Goeie — en nie meer Don Quixote van La Mancha nie.

Toe het hy gesterf. Nie soos wat hy wou nie, maar kalm soos 'n goeie Christen. En Sancho Panza het gehuil.

Agter hulle het die eindelose nag van immer-mislukte avonture gelê. Soos windmeule het elke daad uit die verlede onverstoorbaar gestaan, net effens geroer deur die wind wat waai oor gister en vandag.

Vir more het die Don sy testament nagelaat: 'n Eindelose soektog na die onverkrygbare. Die wasige droom oor Dulcinea. Die pad van die verlede uit Spanje na die hede, na more, na elke land, elke geslag.

Want Don Quixote en Sancho Panza het gekom om te bly. En so ry hulle op hulle perde met hulle lanse deur die eeue: Die een verweerd en lank en maer, die ander kort en korpulent en net soveel werd as sy meester, want sy wyheid en humor en malligheid is selfs net so geinspireer.

Uit die skadu's van gister kom hulle — die pad af na more. Hulle ry ook oor ons kampus. In die laat-aande, wanneer dit donker is, weet mens dat hulle daar êrens sit en gesels, onder 'n boom, om die hoek, agter 'n pilaar — jy weet nooit waar nie — maar hulle is daar. Mens hoor hulle. Mens weet van hulle.

Wanneer dit koud is in die nagte kan mens die Don hoor asemhaal, rukkerig en half afgeleef, maar te trots en moedig om dit te erken. Langs hom is die knikkende skaduwee van Sancho, veronderstel om oor sy meester wag te hou.

Soms word dit so wesentlik, hierdie bewuswording, dat mens wonder of dit nie die Muse self is wat jy hoor nie. En dan wonder jy maar. Want wie sal sê?

N.S. 'n Bietjie later sal ek voëls van hierdie jaar soek in vanjaar se neste — nou is daar nog geen voëls nie. Die neste is nog nuut.

REFLECTOR.

# Ons Flitsgedagte

Dis nogal 'n grappige besigheid, hierdie munisipale verkiesings. Baie van die kandidate roep hier-kiep-kiep, daar-kiep-kiep met sulke verspotte argumente en beloftes soos bushuisies, verkeerskonstabels wat aan bande gelê al word, ensovoorts.

**STEMREG**

En tog is dit 'n ernstige besigheid, want per slot van sake word jy gevra om jou stemreg te beoefen, of liewer jou stemplig te beoefen. Daardeur dra jy medeverantwoordelikheid vir die welsyn van jou dorp, ons Inrigting, die uitvoering van Staatsbeleid in plaaslike sake, die uitbouing van die toekomsbeplanning en stoflike welvaart.

Die verkiesing, hoe onbelangrik op die oog af, is dus deel van ons politieke bevoegdheid om bepalend en regulerend op te tree.

**INTEGRITEIT**

By elke kruisie wat 'n mens in in enige verkiesing maak moet jou lewens- en wêreldbeskouing 'n beslissende rol speel.

Oorweginge bly altyd die integriteit van die kandidaat; die beleid wat hy verteenwoordig; die positiewe idealisme wat hy koester en die plek wat hy inneem in die geheel van die Afrikanersaak.


Die eise van weerheid en waardigheid mag gedurende geen verkiesing opgeskort word nie.

Ons benadering as studente moet ook 'n bydrae lewer tot verantwoordelike roepingsbewuste en beskaafde burgerskap.

As sommige kandidate van die politiek, al is dit politiek op die tweede vlak iets vuil maak, is dit ons taak om ons daarteen te verset.

Wm.

## FIKSHEIDSTOETS ?




## Ons Lesers Skryf

### WAAR IS DORPSVERENIGING, VRA OMGEKRAPTE STUDENT

**Geagte Redakteur, — Graag wil ek van Die Wapad gebruik maak om my klagte te stel. Dit is reeds byna 'n volle jaar dat die dorpstudente 'n vergadering gehou het met die doel om 'n eie vereniging te stig. Op die besondere aand is daar 'n komitee gekies om die saak te ondersoek. Volgens die besluit van die besondere aand moes hulle binne twee weke daarna 'n vergadering belê om verslag te doen. Na herhaalde mislukte navrae by die Voorsitter (wat terloops ook op die S.R. dien), wil ek nou 'n algemene beroep doen om weer iets te doen aan hierdie saak.**

Die afgelope tyd het hierdie saak weer skerp na vore getree. Waarom was die dorp so swak verteenwoordig op die atletiekbaan? . . . Met die kompetisies tydens die A.S.B. se Toebroodjiefees? . . . met die sg. Talentaand?

**SKOKKEND**

Die tyd is nou reeds oorrypvrot dat daar iets daadwerklik gedoen moet word. As 'n mens dink dat daar nie minder as ses lede van die Studenteraad in die Dorp woon, dan is dit skokkend!

**UITVLOEI**

In die afgelope tyd het daar weer 'n sterk uitvloei van studente uit die koshuise na die dorp plaasgevind, sodat die Dorp genoeg talente het om op inter-koshuisbasis mee te ding — as hulle in 'n vereniging saamgebind is.

**ROOM**

Ek hoop dat die betrokke lede van die sg. room van die studente wat op die Komitee „dien" nou aandag sal gee aan die saak.

Omgekrap
J. du Toit



# Seniors gee hul indrukke oor die Inskakeling

**IN 'n meningsopname wat op die kampus gehou is het die seniorstudente hulle prontuit uitgelaat oor die redaksionele artikel in die vorige uitgawe van Die Wapad oor Inskakeling.**

**Mnr. Navy Lindeque, patriarg van Makouvlei, meen egter dat dit blote twak is dat oriëntering vanjaar 'n sukses was. Hy stem saam met mnr. Dok Briers se oproep: „Terug na die ou paaie!"**

Mnr. Hans van Zyl stem heelhartig saam met die artikel. „Ek dink dit was skitterend; die basis is nou gelê vir 'n pragtige aanpassingsprogram in die toekoms," het hy aan Die Wapad se verslaggewer gesê.

**AFGESAAG**

**„Ontgroening het in sy ou patroon het al afgesaag geword. Daarom is die nuwe ontwikkeling goed. Daaraan sal egter nog baie verander moet word aangesien baie elemente van die ou vorm nog in die oriënteringsproses voortleef en albei deelnemende partye bevredig moet word." Dit is die oorwoë mening van mej. Klaasje Moraal, 'n vierdejaar student.**

**VINNIG**

Volgens mnr. Lappies Labuschagne, wat besig is met sy doktorale studie in die Naturelleadministrasie, is die proses van verandering 'n dekade-lange proses wat net so oud is as die ontgroening self. Die moderne ontwikkeling is te vinnig vir ouhere wat graag op hierdie gebied aan die ou tradisies wil vashou. Die voorstelling van „'n goeie fondament" is volgens mnr. Labuschagne bloot fiksie. Dit is 'n stelselmatige verandering waarvan die owerhede self blykbaar nie bewus was nie. „Ontgroening was besig om 'n natuurlike dood te sterf, dit was besig om te vervel, maar die owerheid het, met die afdwing van die oriënteringsproses op die studente en die radikale verandering wat dit toe ondergaan het die 'n kunsmatige dood laat sterf.

**VOOR STOK**

Verskeie studente wat om hul menings gevra was, is vas oortuig daarvan dat verandering slegs 'n nadelige invloed kan h op die Puk se tradisies. Sommige wou die hoofredakteur „nog voor stok kry oor daardie artikel" en baie „wil nog baie gaan baklei" en andere wil hom „onder vier oë gaan spreek."

**NEGATIEF**

**„Oor die algemeen was die seniorstudente baie negatief gesind jeens die geleidelike oorskakeling en stelselmatige afskaffing van die ou vorm van ontgroening na die nuwe vorm van oriëntering. Gesien egter in die lig dat ons na 'n moderne universiteit beweeg, is die verandering 'n moderne ontwikkeling, maar die element van die tradisionele moet nie verval nie. Dit sou fataal wees." Dit is die mening van mnr. Jasper Brand, primarius van Dawie du Plessis Suid.**

## Ek is koning . . .

**'n Bekende by baie koshuise is die „Koning van die wapad en van hierdie wêreld" soos hyself sê. Dit is „Morningstar" — „Die ster van onse wêreld hier." Hy beweer dat hy die weer raak kan voorspel en het in der waarheid voorspel dat dit verlede Saterdagaand sou reën! „Morningstar" gesels nie met die Kaffers nie want die goed kan nie gesels nie — hulle praat net oor werk. Ek gesels met die witmense, die swartes is te onnosel," sê hy.**

# SUID-AFRIKANERS IN BUITELAND VERLOOR HUL IDENTITEIT

**Groot kommer bestaan in Suid-Afrikaanse kultuurkringe omdat Suid-Afrikaanse amptenare geneig is om hul Afrikanerskap in die buiteland verlore te laat gaan.**

Daar word ook beweer dat die persone somtyds traag om vir ulle eie land in die bresse te tree Die aantydging kon egter nie bevestig word nie.

**WOORDVOERDER**

In 'n ander geval het 'n woordvoerder van die B.B.C. selfs gesê dat hy verplig is om Engelstalige Suid-Afrikaners te vra om uit te saai omdat Afrikaans-sprekendes weier om aan die radio programme deel te neem.

Dit was 'n skok vir Suid-Afrikaners in hul tuisland om te verneem dat selfs die jongste Geloftedagviering in Londen hoofsaaklik in Engels plaasgevind het.

# Van die Studenteraadstafel

Op 'n onlangse Studenteraadsvergadering is besluite oor verskillende aspekte van die Studentelewe geneem wat u almal raak.

Ten opsigte van die ordelikheid van die kennisgewingbord soos volg in oënskou geneem word:

(a) dat alle kennisgewings onder die regte hoofde aangebring sal word;
(b) dat onnodige kennisgewings nie toegelaat sal word nie;
(c) dat kennisgewings sover moontlik via die Studenteraad moet gaan."

Bogenoemde mosie hou nie in dat geen persoonlike kennisgewings op die bord aangebring mag word nie. Dit hou slegs in dat kennisgewings deur 'n Studenteraadslid of die Sekretaresse van die Studenteraad geparafeer word.

**KLEURPUNT**

Ook die vereistes vir die verkryging van Universiteitskleure deur Binnemuurse studente is soos volg verander. Die kleurpunt word in twee dele verdeel, nl. die een deel (100 punte) die Brosjure-eksamen waarin die slaagsyfer 50 punte is. Die ander deel, ook 100 punte, het betrekking op die deelname aan die Studentelewe en is soos volg verdeel:

| | |
|---|---|
| A.S.B. en Massa | 40 pte. |
| Korps V.V. | 10 pte. |
| S.S.B. | 20 pte. |
| A.B.K.K. | 20 pte. |
| Die Pukkie | 10 pte. |

Die Kleurpunt wat behaal moet word is 50%, maar 'n kandidaat slaag alleen as hy die Brosjure-eksamen geslaag het en ook een akademiese jaar.

Verder is aan die Kleurekomitee opgedra om so gou doenlik 'n verslag uit te bring oor die vereistes vir die toekenning van Universiteitskleure aan Normaalkollege-studente, studente in die Vaaldriehoek en studente van ander Universiteite wat nou aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf is.

**SKAKELTOER**

Aan die Skakelkomitee tesame met die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Studenteraad is opgedra om die moontlikheid van 'n skakeltoer na ander Universiteite en Kolleges te ondersoek. Dit is gedoen na aanleiding daarvan dat die doel van die huidige Studenteraad is om sodanig nouer te skakel soos dit in die Jaarprogram van 1966/67 opgeneem is.

**UITGESTEL**

As gevolg van die botsings van datums is Korps V.V. se ledevergadering van 1 Maart na Donderdag, 9 Maart uitgestel. Die Interfakultêre lesings is vasgestel op 15 Maart en die A.S.B.-Programvergadering is verskuif na Dinsdag 14 Maart.

Dit bring mee dat daar ongelukkig 'n opeenhoping van vergaderings is, maar die Studenteraad vertrou dat u die weg sal oopsien om soveel van hierdie vergaderings as moontlik by te woon.

na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED

# *Departement wil saamwerk met Thalia*

**Die Departement Spraakleer en Drama, wat verlede jaar gedebuteer het met „Antigone," maak vanjaar weereens sy verhoogbuiging met twee vollengte stukke: „Ons Dorp" ("Our Town") van Thornton Wilder en „Moeder Hanna," 'n inheemse stuk deur Bartho Smit.**

**Spelers vir die groot rolbesetting van „Ons Dorp" is reeds verlede week tydens 'n spellesing gekies en die instudering het vandeesweek aanvang geneem. Die regisseur is mnr. Jacques Loots, bekende omroeper-regisseur van die S.A.U.K. wat alom beskou word as 'n groot wins vir die P.U. Mnr. Loots het die aanstelling as lektor in die Departement aanvaar en hy sal hom veral toespits op die dosering van radiospraak en -tegniek en die regie van hoorspele.**

„Ons Dorp" is kort nadat Wilder dit die lig laat sien het met die Pulitzer-prys bekroon —Amerika se Hertzogprys. Die stuk speel sonder dekor wat beteken dat alles by die aanbieding op spel sal berus. Die drama is in drie bedrywe verdeel waarvan die eerste bedryf 'n skets is van alledaagse lewe in die dorp. Die tweede bedryf handel oor die liefde en die huwelik en die derde beeld die dood uit.

### STERKER

Mnr. Teunis Botha, departementshoof en regisseur van die geslaagde „Antigone," sal die regie waarmeen van „Moeder Han-Die stuk sal in die tweede semena." Die stuk sal in die tweede semester opgevoer word tesame met 'n eenbedryf van Thornton Wilder, „Kom Ry Saam." By die aanbieding van „Hanna" sal 'n heeltemal nuwe benadering toegepas word, wat egter niks aan die bedoeling van die teks sal verander nie, maar die tema eerder sterker sal uitbeeld.

### SKOLEPROGRAMME

Benewens bogenoemde stukke en radiowerk, beoog die Departement ook nog skoleprogramme Studente sal voorgeskrewe werke vir die seniorklasse instudeer en dit dan by hoërskole aanbied. Onder andere word 'n gedramatiseerde groepvertolking van „Raka" deur N. P. van Wyk Louw beplan.

### KOORSPRAAK

Die Departement gaan ook vir die Potchefstroomse Kunsfees inskryf, wat na tien jaar weer ingestel word. Godsdienstige programme word vanjaar beoog. Dit sal hoofsaaklik neerkom op koorspraak teen 'n agtergrond van orrelmusiek binne in 'n kerkgebou.

### THALIA

**In die verlede was die Spraakleer en Drama-studente wat aan die P.U. verbonde is so besig met hulle akademiese toneelbedrywighede dat hulp by Thalia aanbiedings feitlik onmoontlik was. Vanjaar sal derdejaarstudente egter nouer skakel met Thalia en 'n begin is reeds gemaak met die regie van die Eerstejaarskonsert — eenbedryf, „Sondag Kos Vyf Pesos." Na ons verneem sal seniorstudente ook help met die regie van die Thalia-toerstuk.**

**Die Departement het verlede jaar onder beskerming van Thalia en met twee Thaliaspelers, gesorg vir die A.S.B. Kunsfees-eenbedryf, „Die Sandkis," wat bekroon is as die beste toneelaanbieding op die Fees. Vanjaar sal die Departement weereens behulpsaam wees met die A.S.B.-drama en voordrag.**



Die Radio-kwintet uit Europa wat Vrydagaand in die konserwatorium opgetree het in die eerste van 'n reeks van Meesterskonserte wat deur die loop van die jaar aangebied word.
(Foto: Fotokuns)

# KUNSGESELSIE

Met die verskyning van Etienne Leroux se jongste boek „Die Derde Oog", het daar alreeds verskeie stemme begin praat in die volgende literêre oorloggie wat eersdaags volle sterkte sal bereik. Die groot kanonne by name die letterkundiges of ingeligtes (?) het nog nie begin saampraat nie.

### FRONTAANVAL

**Die grootste frontaanval aan die kant van die kerk deur ds. D. F. B. de Beer — wat moet waak teen die sedelike verwording van sy kerk, of iets dergliks sê dat die boek eties en estetles af te keur is.**

Hiermee raak ds. De Beer aan 'n baie delikate strydpunt. Die groot vraag wat hier ter sprake is: moet die eise van die kuns diensbaar gestel word aan die lewe van die gelowige elke dag, of: moet die kuns bloot verslag doen van die lewe in sy verskriklikheid en skoonheid, in sy verdorwenheid en vreugde? Moet die kuns ophef, bekeer, ondermyn, afbreek? 'n Verdere belangrike vraag is hier of die lewenshouding wat in 'n roman spreek, waar die skrywer, seer sekerlik (?), gebuk gaan onder sy verbeeldingswêreld, die besondere houding van die skrywer self is?

**Een feit staan egter vas: dat moraliserende of didaktiese kuns slap en leweloos is, dat die as versoening niks inhou nie.**

### LEROUX

Om terug te keer tot bogenoemde vrae. Etienne Leroux gee op 'n insiggewende wyse antwoord op hierdie vrae in 'n onlangse brief in Die Vaderland.

Hy sê dat die skrywer feitlik ongeskoold is in teorieë, dat hy slegs as mens uiting gee aan die aard van ons menswees, dat hy deur sy sensitiewe aanvaarding van die lewe ingestel is op al daardie nuanses wat in geen teksboek vervat is nie. Maar hy gaan nog verder en noem die skrywer 'n kind wat lastige vrae vra, .... en wie sal ooit ten opsigte van 'n kind hom verwyt dat sy vrae oneties en onesteties is?"

### CHRISTENDOM

**Hiermee benoem Leroux hom nie tot die Christendom nie. Dis miskien mooi, net effens naïef. Maar dit neem nog nie weg die legio van vrae en duisterhede wat hieromheen kring nie. Beteken dit dat sekere boeke vir die Christenmens taboe is, as die dinge waat vir hom heilig is op satiriese en ironiese wyse verskeur word? Of moet mens net kyk hoe dit gedoen word? Of dit goed is — m.a.w. 'n soort objektiewe standpunt, wat tog immers onmoontlik is omdat jy as volle mens met al jou wisselende emosies; goedkeurend en afkeurend teenwoordig is.**

### WOORDBEPALING

Waar Leroux sê „Die geskrewe skeppende woord is 'n weeklaag of 'n loflied — en geen instansie of owerheid kan ooit bepaal wat die aard van sy lied of klag sal wees nie," kan mens dit nie ontken nie.

Dis net dat vir die Christenleserkritikus die inhoud 'n leuensal wees. En by 'n woordbepaling sal dit of behoort dit (!) skerp in sy woorde te spreek.

P.H.R.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

## Radiokwintet munt uit

Die Radio-blaaskwintet het Vrydag 24 Februarie 'n vars en lewendige uitvoering gegee.

**Die werke op die program het gestrek vanaf die Barok tot die Romantiek; die werk wat die minste beïndruk het was die Rossini-kwartet. Dit was egter nie te wyte aan 'n uitvoering van laer standaard nie, maar bloot omdat Rossini in die spesifieke medium nie dieselfde hoë standaard het as die ander verteenwoordigde kunstenaars nie.**

### BEETHOVEN

Die Sonate vir Fluit en Klavier van Jean Marie Leclair L'aine en die Kwintet van Beethoven het die beste indruk gemaak, beide as komposisies en in die uitvoering. Dit was baie duidelik dat Beethoven die Blaaskwintet-medium beter beheer as die van bv. Rossini en Mozart. In vergelyking met hulle werke toon syne 'n groter mate van eenheid en simfoniese karakter.

### BETREUR

Die klavier begeleiding van van Marcelle Mirovsky was uitstekend hoewel somtyds miskien 'n bietjie te sag en in die Handel Sonate het sy te veel pedaal gebruik. Dit is te betreur dat in die Borok-werke klavierbegeleiding gebruik is in plaas van die oorspronklike klawesimbel.

D.v.d.B.

## *P.U.-Skaakklub se planne*

In 'n onderhoud met mnr. Mac van der Merwe, voorsitter van die P.U.-skaakklub het hy gesê dat die P.U. Skaakkampioenskappe op 11, 14 en 15 April sal plaasvind. Die koshuisliga neem ook die 28 Februarie 'n aanvang en dit beloof om baie spannend en interessant te wees. Almal is baie welkom om daaraan deel te neem. Al kan u nog nie skaak speel nie, kom gerus want dan sal die fynere kunsies van die spel aan u geleer word.

*Met komplimente van*

AJAX

(Edms.) Bpk.

BOEKE —

SKRYFBEHOEFTES

INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . .

dié kafee waar studente hul


koeldrankie drink,

EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

Tomstraat 86 Tel. 5474

# Verlief Verloof Verlore?



## deur CUPIDO

Ai, is dit nie wonderlik om weer terug te wees nie. Nou kan ons weer sleep, net ons tweetjies alleen.

„dit kring om jou . . .
dit kry om my . . .
dit kring om ek en jy . . ."

Maar wag, ek hoor so baie van ons het by Kimberley gaan vakansie hou. Te oordeel aan die „blink" glimlaggies moes dit heel aangenaam gewees het. Baie geluk aan Richard Fouchee en Sannie Mare, Jurie Viljoen en Rita Ludeke, Dina Roets en Christo Combrinck, Andre Oosthuizen en Louw Bezuidenhout en Annatjie Mare en Andre Fourie. Net jammer Louis Trichardt is so ver ,nê, Annetjie? Uiteindelik het Koos du Toit ook die regte „klip" vir Suzie de Villiers ontdek. Hartlik geluk ook aan Hans en Wilna van Zyl en Danie en Elma van Wyk wat besluit het dat twee ringe darem beter as een lyk.

**Ook oud-redakteur Koot Reinecke het na die vakansie trgekom met Corrie Haasbroek en 'n nuwe woonstel.**

Het iemand dalk gesê dat 'n Van der Westhuizen nie sleep nie? Sandra Lemmer het gou daarin geslaag om vir Marius tot ander insigte te bring. Janet Jonker het ook geen vrees vir Willie se „spoed" nie.

### BEWUS

Wie sal nog beweer dat dit nie die eeu van die eerstejaars is nie. Selfs Dries du Plooy het heel gou van Bea Marais bewus geword.

Die tydjie voor die ontheffing het darem baie traag verbygesleep vir Izak van Rensburg en Elsabe Coetzee asook vir Sybrand Burger en Marlene van Schalkwyk. Dit laat my ook wonder of Marianne Horn dalk die reuk van petrol op Cor Marx se sakdoek agtergekom het.

### GRAS

Dit wil mos vir my voorkom of die gras duskant die straat groener is en daarom gee William van Coller nie om, om 'n entjie verder te stap na Vanette van der Walt toe nie. Praat nie eers van Willem Spanneberg wat van proefplaas af kom om deur Susan van der Merwe verpleeg te word nie.

### VERKIES

Philip du Plessis verkies natuurlik vir Yda Postma bo enige Matie-nooientjie. Ek sien ook dat baie van ons net daardie iemand besonders se geselskap verkies of wat praat ek alles van Willie Buys en Katrien Alkema, Chris van der Walt en Clara van den Berg, Johan Dreyer en Gail Steyn Karin Traut en Casper Kruger en Judith du Plessis en Fritz Hoogendyk.

**Ek is tog so nuuskrierig om te weet wie van hulle die „gold rush" gaan wen of het Johan van der Berg en Frieda le Roux dalk al klaar daarin geslaag? Opskud manne, die mooi goedjies wag vir julle!**

Totsiens dan tot volgende keer en lekker sleep.

# Wits-studente stig vredeskorps

**Studente aan die Witwatersrandse Universiteit het oorgegaan tot die stigting van 'n organisasie soortgelyk aan die Amerikaanse Vredeskorps, luidens 'n berig in 'n onlangse uitgawe van 'n Afrikaanse Sondagblad.**

**Die organisasie, wat die South African Voluntary Service Organisation heet en o.a. reeds 'n taak in Botswana voltooi het, word volgens die berig „geldelik en andersins" ondersteun deur 'n paar vooraanstaande Afrikaners en word gelei deur Peter Saffery, die seun van 'n prokureur wat in Suid-Afrika ingeperk is.**

Die berig meld voorts dat pogings reeds aangewend is om die steun van Afrikaanse studente vir die organisasie te verkry. Daarvolgens sou mnr. Saffery gesê het dat hy reeds vier maande met studente van die Universiteit van Stellenbosch oor die saak korrespondeer.

### SAMEWERKING

**Na Die Wapad verneem, is daar nog geen poging aangewend om die P.U. vir C.H.O. by die saak te betrek nie. Bloot geoordeel volgens die feite wat in die berig verstrek word, kom dit egter nie voor asof die organisasie veel simpatie sal kan verwag indien hy sou poog om die Puk se samewerking in die verband te verkry nie.**

## SITKAMER



**Só sien die Studenteraad se nuwe luuks-gemeubileerde sitkamer daar uit. (Foto: Fotokuns)**

# A.S.B.-vrugtefees was geslaagd

Die plaaslike tak van die A.S.B. het verlede Donderdagaand sy bedrywighede vir 1967 begin met 'n uiters geslaagde vrugtefees by die Oude Molen terrein. Die vrugtefees, wat reeds om vyf-uur die middag 'n aanvang geneem het, is gekenmerk deur die groot aantal Pukke wat dit bygewoon het en deur die buitegewone aangename atmosfeer wat daar geheers het.

### WEGGELê

Aan eetgoed was daar geen tekort nie en die aanwesiges het dan ook goed weggelê aan veral die groot hoeveelheid waatlemoene. Vir ontspanning is voorsiening gemaak in die vorm van speletjies soos toutrek en sakresies.

# PUK IS VOL LOF OOR AFGELOPE A.S.B.-TOER

**„'n Unieke en fantastiese ondervinding." So het mnr. Gerrit Coetzee, wat pas teruggekeer het van 'n toer deur Europa, dit aan Die Wapad beskryf.**

Mnr. Coetzee was een van die 81 studente wat die pasafgelope Europese toer van die A.S.B. meegemaak het. Tydens die toer wat onder die leiding van mnr. Kobie van der Walt, onder-president van die A.S.B. gestaan het en twee maande geduur het, is twaalf lande, insluitende die Vatikaanstad, besoek. Die toergroep het op 7 Desember met die „S.A. Oranje" uit Kaapstad na Southampton vertrek en op 27 Januarie met die „S.A. Vaal" teruggekeer.

### HOTELLE

Oor die algemene organisasie en die verblyf gedurende die toer praat mnr. Coetzee met groot lof. Die hotelle waar die groep vertoef het, het deur die bank uiters goed vergelyk met die bestes in Suid-Afrika, en in teenstelling met die algemene klagte dat bedrywighede gedurende toere ,oorgeorganiseerd' is, is baie aan die toerlede self oorgelaat om self te besluit wat ulle in elke stad wou besigtig.

### VOEL-VOEL

**Die algemene gees onder die toerlede was uitstekend, het mnr. Coetzee gesê. Alhoewel dit aan die begin maar voel-voel gegaan het, het die toerlede mekaar spoedig gevind. Wat die getalleverhouding tussen die twee geslagte betref, het dit die mans geen hoofbrekens bsorg nie — slegs twaalf van die 81 toerlede was mans.**

### SJARME

Volgens mnr. Coetzee was dit opmerklik hoe pertinent sekere karaktereienskappe van die Afrikaner by die volke in ons stamlande aanwesig is. Hier dink hy veral aan die Franse sjarme, die uitgesprokenheid van die Nederlander, en die berekendheid van die Brit. Oor die mooiste gesig van die toer was daar by mnr. Coetzee geen twyfel nie. „Baie beslis Tafelberg," het hy gesê.


Mans- en Sportuitrusters

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

VEKA

daarom koop u by ons, die ENIGSTE VEKA-uitrusters in die dorp



DIE BULT


DAMES HAARKAPPERSALON

ons spesialiseer...

Tomstraat 86A

Telefoon 5537





PROFESSOR SE FILOSOFIE

„Ek is geen spekulant nie. Ek soek wel waardevermeerdering vir my geld, maar ek het nie die tyd of die temperament om my oor wisselvallighede te bekommer nie. Ek glo dus in: skokvrye sekuriteit saam met die hoogste rentekoerse! *Dit* kry ek by NASIONALE BOUVERENIGING in 'n hele reeks spaar- en beleggingsplanne waaruit 'n mens die koers kan kies wat jou pas. En daarby 'n uitkyk op sake wat strook met 'n moderne begrip van doeltreffendheid asook 'n manier van doen wat dit aangenaam maak om van jou wegsitgeld afstand te doen!"

NASIONALE BOUVERENIGING

NB

Vir die voordeligste beleggings (Tans 4½% — 6½%)

Hoofkantoor: Posbus 2359, Pretoria. Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

VZ006491

# Nuwe Rekords is Opgestel op Atletiekbyeenkoms

**Atletiek van uitstaande gehalte was te sien met die interprovinsiale byeenkoms Woensdagaand op die Bill Swart-Ovaal. Wes-, Suid- en Noord-Transvaal het meegeding.**

**Die byeenkoms het 'n hele klomp nuwe rekords opgelewer, o.a. twee S.A. rekords. Kesie Cornelissen het met 'n praglopie in die 220 tree vir vroue haar eie S.A. rekord na 25.5 sek. verbeter. Die vorige rekord het sy ook op die Bill Swart-Ovaal opgestel.**

Paul Nash het ook skitterend vertoon en die S.A. rekord vir 220 tree mans verbeter na 20.5 sek. Hy het ook die 100 tree gewen in die goeie tyd van 9.5 sek.

**STANDAARD**

Die hoë standaard wat deurgaans gehandhaaf is, spreek uit die feit dat nog vyf ander Wes-Transvaalse rekords gespat het.

**UITSLAE**

Ander uitslae:

MANS: 120 tree hekkies: I. Du Preez, 2 W. Coetzee, 3. Langley. Tyd 14.4 sek. 100 tree 1. Nash, 2 Snyders, 3. Van Zyl, tyd 9.5 sek. Verspring: 1. Dyksman, 2. Langley, 3 Van der Merwe. Afstand 23 vt 6½ dm.

Gewigstoot: 1 Botha, 2 Booysens, 3. Greunen. 1 Myl stap: 1. Bester, 2. Parker, 3. Heyberg. 1 myl: 1. Olivier, 2 Van Zyl, 3 Nicholls. Tyd 4 min. 12.8 sek. Hoogspring: 1 Landsdell, 2 Pretorius, 3 Van Rensburg. Hoogte 6 vt. 7½ dm. 440 tree: 1 Snyders 2 Botha, 3 Buys, tyd 48.4 sek. 440 tree hekkies: 1 De Nysschen, 2 Nel, 3 Schalenkamp, tyd 54.1 sek. 3 myl: 1 Whewel, 2 Van Antwerp, 3 Bellington, tyd 13 min. 59 sek.

**VROUE**

VROUE: Gewigstoot: 1 Pretorius, 2 Kellerman, 3 Malan, afstand 41 vt. 11¾ dm. 100 tree: 1 Cornelissen, 2 Brasler, 3 Botha, tyd 10.9 sek. Hoogspring: 1 Groenewald 2 Matthews, hoogte 5' 4". 880 tree 1 McKenzie, 2 Visser, 3 Godberg, tyd 2 min 10.4 sek.

# Sal Bob Mark afrigter vir tennis word?

**Die P.U.-Tennisklub het die nuwe jaar met groot geesdrif begin en koester hoë ideale.**

Vogens ons verneem bestaan die moontlikheid dat die vooraanstaande speler, Bob Mark, met afrigting kan kom help op die Puk. Soos beplan sal die kursus op vyf agtereenvolgende Saterdae plaasvind.

Dan beplan die bestuur 'n toer na Suid-Wes Afrika in Julie met die hoop dat die die entoesiasme van die spelers tot groot hoogtes sal voer.

**TALENT**

Om die eerstejaars ook by die tennisbane te laat tuis voel, word verder 'n „kennismaak-uitdunne" in die vooruitsig gestel met die vertroue dat dit aan vars talent nie sal ontbreek nie.

As die tennis vanjaar voortgaan op dieselfde trant as verlede jaar voorspel ons beslis 'n voorspoedige jaar.

# PUKKE VERTOON GOED IN SWEMBAD

**Dexter White het weereens getoon dat hy 'n swemmer is wat groot belofte inhou. Op die onlangse inter-universitêre swemtoernooi wat op Wits gehou is, het hy uitstekend vertoon en is gekies vir die studentespan wat in Rhodesië gaan toer het. Hy het dan ook eerste plekke behaal op al vyf byeenkomste van die toer.**

Die dames het ook goed gevaar met die waterballet wat op die toernooi aangebied is. Hulle het selfs daarin geslaag om die ervare span van Wits te klop.

**MOED**

In die toertjie-kompetisie het Zettie Stander 'n twaalfde plek verower. Die dames het baie geleer en is vol moed vir die volgende toernooi in Kaapstad.

**WATERPOLO**

Die waterpolospan het ook goed gevaar en was ongelukkig om teen die sterk span van Tukkies te verloor. Hulle het ook goed vertoon in die Wes-Transvaalse liga en was tot en met die eksamens nog bo aan die puntelys. Alle eer aan Willie Brewis en Dexter White vir hulle mooi voorbeeld in die swemsport.

Altwee sal Wes-Transvaal van die 27ste Februarie tot die 4de Maart op die Nasionale Kampioenskappe in Johannesburg verteenwoordig.

# Staatmakers in rugby op P.U.

Die P.U. het vanjaar 'n paar staatmakers op die rugbyveld bygekry waaronder Jannie Nel (N.Tvl.), Piet Brandt en Jona Viljoen (albei van W-Tvl.) Verder het manne soos Denis de Klerk (N.-Tvl.), Frans Theron, Martin Grudlingh (N.-Tvl.) en Christo Holtzhausen (waarvan lg. twee albei ook Junior-Springbokke ), hul in Potchefstroom gevestig en bestaan die moontlikheid dat hul vir die P.U. sal kan speel.

# Kompleks verras

**In 'n onbesliste krieketwedstryd verlede Saterdag moes Over-de-Voor eerstebeurtpunte aan Kompleks afstaan.**

**ONGELUKKIG**

Over-de-voor het nie goed genoeg van hulle kanse gebruik gemaak nie, maar hulle was in 'n mate ook ongelukkig om hul paaltjies op sulke onverstaanbare maniere te verloor.

**TWEEDE BEURT**

In die tweede beurt het Over-de-Voor getoon dat hulle 'n moeilike span is en met die einde van die dag se spel het hulle 33 lopies vir die verlies van twee paaltjies op die telbord gehad.

**EER**

Alle eer egter aan Kompleks wat in hulle eerste wedstryd gespeel het en so goed afgesit het. 'n Goeie vertoning met die kolf is gelewer deur Van Ryneveld wat onderskeidelik 5 en 28 lopies aangeteken het. Die boulers wat goed vertoon het was Grobler en Kock van Over-de-Voor en Dirk Laufs van Kompleks.

**NET-NET**

In 'n ander ligawedstryd het Huis Rus net-net daarin geslaag om die Personeel te klop. Laasgenoemde moes sonder hul twee aanvangsboulers klaarkom.

# Rugbywedstryde

Soveel moontlik rugbyspanne sal op 18 Maart 'n vriendskaplike wedstryd op Lichtenburg teen Lichtenburg speel en op 6 April sal op Heilbron aan 'n rugbydag deelgeneem word.

**TAAIBOS**


Ongelukkig lyk dit onmoontlik om die reeds gewilde kragmeting tussen Over-de-Voor en Taaibos in die eerste kwartaal gereël te kry. Daar word egter nou gedink aan 'n Woensdag in die tweede semester waar die wedstryd dan op Olënpark onder spreiligte sal plaasvind.



Die krieketkoors het ook die Pukke vanjaar behoorlik beetgepak en die spel ondergaan tans sy grootste bloeitydperk sedert die klub in die lewe geroep is.

(Foto: De Zee)

# OOM PIET GESÊLS



Ons is ook nou 'n groot universiteit. Vanjaar is daar alreeds 3,000 studente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ingeskryf. Wat het dit egter met sport te doen?

**OPPONENTE**

Met die groter studentetal kan Wes-Transvaalse sport nie vir al ons spanne opponente bied nie en daarom sal ons in die toekoms ons eie heil moet bewerkstellig en ons eie kompetisies skep.

Vanjaar gaan ons al die sport op interkoshuisbasis organiseer, m.a.w. dit bied aan elke sportliefhebber, al het hy nog nie in die verlede gepresteer nie, 'n geleentheid om aan 'n eerstespankompetisie deel te neem — hetsy vir sy koshuis se eerste rugby-krieket-, tennis-, swem-, of atletiekspan om maar 'n paar van die twintig sportsoorte te noem wat aan die P.U. vir C.H.O. beoefen word.

**RIGTING**

Koshuisrugby het laasjaar bewys dat ons die regte rigting ingeslaan het. Dit was nie net aangenaam om aan die interkoshuiskompetisies deel te neem nie, maar die koshuisspanne het hulle ook goed van hul taak gekwyt in die Wes-Transvaalse ligas. Dit was sommer baie lekker rugby! Die gees onder die spanne was reg. Ondersteuning was volop en elkeen het vir sy koshuis gespeel — ja, of sy lewe daarvan afhang.

**KOSHUISBASIS**

Ek is besonder dankbaar dat die Sentrale Sportbestuur besluit het dat alle sportklubs vanjaar hulle sport op 'n koshuisbasis moet organiseer. Mnr. George Booyens van Sanlam het twee pragtige bekers geskenk — een vir mans en een vir dames. Bo en behalwe die beker gaan ons nog vir elke sportsoort sy eie trofee kry.

**ERNSTIG**

Baie van ons studente neem ernstig deel aan sport, maar baie beoefen dit nog net op sosiale vlak. Vir 'n groot universiteit soos Potchefstroom tans het, waarvan die groei jaarliks fenomenaal toeneem, is hierdie sportbeoefening nie genoeg nie.

Nee, die tyd het reeds aangebreek dat ons eerstespanne en P.U.-kampioene hulle moet kan handhaaf teen provinsiale en universiteitspanne.

**'n Glorieryke tydperk het reeds op sportgebied aangebreek. elkeen moet vanjaar sy bes doen, hard oefen, fiks word, want „sana mens in corpore sano!"**

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

„Vleispasteitjies met tamatiesous asseblief . . .
Turkstra
te kry by u kafeteria